Verwysing: 20210813 -4967
Lêerno.: 12/17/11
Navrae: E Stofile

e-Leerminuut: 0006/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Prinsipale van skole wat graad 12 aanbied

Onderwerp: Interaktiewe vraag-en-antwoord-databasis die Nasionale Senior Sertifikaat

1. Toepaslike materiaal vir voorbereiding is ter ondersteuning aan leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen skryf, verskaf, deur 'n interaktiewe biblioteek in 'n vraag-en-antwoord-vorm (V&A), wat op vorige NSS-vraestelle gebaseer is, beskikbaar te stel. Dit kan op die Wes-Kaap Onderwysdepartement se leerbestuurstelsel (LBS) verkry word. (Kyk https://wcedelearn.westerncape.gov.za.)

2. Hierdie vraag-en-antwoord-databasis bevat NSS-vraestelle wat vanaf 2008 tot 2020 strek en dek die *Kurrikulum en assesseringsbeleidsverklaring* se vakke in Engels sowel as Afrikaans. Leerders kry die geleentheid om hulle antwoorde op die vrae te toets en kry dadelik terugvoering.

3. Hierdie V&A-hulpbronne is op afdeling een van vorige vraestelle gebaseer wat in meerkeuse- sowel as kortantwoordvorm is, en kan gebruik word as deel van agterstandinhaalklasse, vir hersieningsdoeleindes of soos deur vakonderwysers aanbeveel.

4. Die beskikbare vakke is in die aangehegte bylae gelys. (**Kyk Bylae A.**)

5. Om toegang tot die hulpbronne te verkry, het die graad 12-leerders aantekenbesonderhede nodig. Die aantekenbesonderhede moet gebruik word wanneer die stapsgewyse handleiding hieronder gevolg word. Dit sal verseker dat die leerders direkte toegang het tot die V&A-hulpbronne wat tans beskikbaar is om by hulle vakkeuses te pas.

6. Die leerder se aantekenbesonderhede is beskikbaar op **SOBIS** onder die kieslysitem wat as "**Reports**" verskyn, en dan onder die subkieslys wat as "**LMS**" verskyn. Die **leerder se aantekenbesonderhede** kan dan met die graad 12-leerders gedeel word.

7. 'n Stapsgewyse handleiding is beskikbaar om gebruikers te help om toegang tot hierdie V&A-hulpbronne te kry. (**Kyk Bylae B**.)

8. Gebruik asseblief die volgende skakel om met u distrik se e-Leer-adviseurs in verbinding te tree as u bykomende inligting of ondersteuning benodig: https://wcedonline.westerncape.gov.za/elearning/elearning-contact-your-elearning-advisor.

9. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers en leerders te bring.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-08-17